**Woensdag 1 Mei**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:26 – 2:3**
**Fokusgedeelte: Gen 1:26-27**

## God het ons na sy beeld geskep!

Almal hou van komplimente. Dink maar hoe goed voel jy wanneer iemand iets vir jou sê wat jy graag wil hoor: “Sjoe, maar jy het maer geword!” Of: “Jy lyk nie ’n dag ouer nie!”

Hier op die eerste bladsye van die Bybel sê God iets wonderliks vir ons: Julle is geskape na my beeld, as my verteenwoordigers! Soos ’n vaardige meesterbouer het God stap vir stap die heelal gemaak: die wonders van die ruimte, die prag van die natuur, die onbegryplike fyn werking van die lewe. Maar al hierdie wonderlike dinge was eintlik net die voorbereiding, die gereedmaking van die verhoog vir die verskyning van die hooffiguur in die skepping, naamlik die mens.

Na alles wat tot hiertoe geskape is, is daar ’n hemelse beraadslaging: Die mens gaan anders wees as al die ander skepsels. Die mens en sy vrou sal God se beeld dra, hulle sal sy verteenwoordigers wees. Hulle moet die aarde bewoon en bewerk. Hulle moet verantwoordelik omgaan met God se skepping.

Dit is nie net God wat iets aan die mens doen nie, die mens moet iets terugdoen aan God. Daar is ’n verhouding tussen God en mens. God praat, en die mens moet luister. En die mens mag ook met God praat, en Hy sal luister.

Maar nou weet ons: daar het ’n tragiese dag gekom (die sondeval) dat die mens nie meer na God geluister het nie. Die verhouding met God het stukkend gebreek. Genadiglik het God die verhouding in stand gehou deur sy Seun te stuur om alles te kom heelmaak. En Christus werk deur sy Gees in ons harte sodat ons weer God se beeld kan vertoon. Dit bly ons roeping!

*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4, 5*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*